

## Innibos 2018 FEESTERREIN

Hierdie program is onderhewig aan veranderinge.

**Alle onderstaande vermaak op die feesterrein word by die hektoegang ingesluit.**

### STANDARD BANK HOOFVERHOOG-PROGRAM

#### Woensdag 27 Junie 2018 – Huisgenoot Afskopkonsert

Juanita du Plessis, Bobby van Jaarsveld, Dewald Wasserfall, Riana Nel, ADAM en Die Campbells.  
Hektoegang: Volwassenes R120, Voorskoolse en Laerskoolkinders GRATIS  
Senior Burgers R50  
Goue sirkel: R80 per persoon (alle ouderdomme)

#### Donderdag 28 Junie 2018 – kykNET NOU! Konsert

Karen Zoid, Francois van Coke, Die Heuwels Fantasties, The Parlotones, Jan Bloukaas, Spoegwolf en Valiant Swart.  
Hektoegang: Volwassenes R120, Voorskoolse en Laerskoolkinders GRATIS  
Geen goue sirkel

#### Vrydag 29 Junie 2018 – JacarandaFM Konsert

Bok van Blerk, Elvis Blue, Kurt Darren, Karlien van Jaarsveld, Touch of Class en Elandré Schwartz  
Hektoegang: Volwassenes R175, Voorskoolse en Laerskoolkinders GRATIS  
Goue sirkel: R120 per persoon (alle ouderdomme)

#### Saterdag 30 Junie 2018 – kykNET Konsert

Theuns Jordaan, Jo Black, Jay, Emo Adams, Snotkop, Robbie Wessels, Ray Dylan, Monique Steyn, Ricus Nel, Lianie May, Taryn Lamb, Liezel Pieters en Craig Lucas.  
Vereer: Leon Schuster en Boet Pretorius  
Hektoegang: Volwassenes R200, Voorskoolse en Laerskoolkinders GRATIS  
Goue sirkel: R250 per persoon (alle ouderdomme)

#### Sondag 1 Julie 2018 –Loof Hom Innibos

Retief Burger, Jo Black, Vusumuzi Duo Choir, Duis:lig, Anders, Stephanie Baartman en Johan Brits. GRATIS vir almal.

**Daar is ook 'n weekkaartjie beskikbaar vir R500 wat toegang op al die feesdae insluit.**

### kykNET Nou! Rockverhoog

#### Vrydag 29 Junie 2018

Wit Kasteel, Matt Carstens, Bittereinder, Wonderboom en Fokopolisiekar.

#### Saterdag 30 Junie 2018

Piet Botha, Van Pletzen ft. Early B, Dan Patlansky, Just Jinjer en The Black Cat Bones.

### Innibos kuierverhoë bied topvermaak!

Innibos het vier kuierverhoë waar van die land se topkunstenaars optree en iets vir elke feesganger se musieksmaak bied.

Die Arena-verhoog is op die boonste veld geleë (regeoorkant die Standard Bank hoofverhoog), die kykNET-Leefverhoog in die Bosmôl, die KMI Airport-verhoog in die kunspark en Vodacom-verhoog net oos van die hoofarena.

Die Huletts Koeksisterkompetisie vind daaglik vanaf 15:00 op die kykNET-Leefverhoog in die Bosmôl plaas.

Bekendes wat deur die loop van die feesdae op die kuierverhoë gaan optree is onder andere, Ampie, Arno Jordaan, Beeskraal, Franja du Plessis, Joe Foster, Sorina, Wicus van der Merwe, Willem Botha en Wynand & Chereé Strydom.

Al hierdie kunstenaars se optredes is by die hektoegang ingesluit. Die volledige terreinprogram is by die hekke en op die webwerf beskikbaar.

### Dis Afrikaans, my kind

Met Riaan Loubser, Natascha C, Henry-John Williams, Karien van Niekerk, Natascha C en Anne-Mari White.

Venue: KMI Airport-verhoog

Datum en tyd: **Wo 27 Jun 18:00; Do 28 Jun 18:00; Vr 29 Jun 18:00 en Sa, 30 Jun 18:00**

Tyd: 60 minute

Afrikaans is nie sommer van hier nie – dit kom van ver af! In *Dis Afrikaans, My Kind* kry jy die lekkerste geskiedenisles ooit oor ons moedertaal; beslis nie 'n vervelige spulletjie nie. Ons gooi ook wye musikale draai na ander dinge wat ons Suid-Afrikaners aan die hart gegryp het – onthou jy nog Springbokradio? En Laingsburg se ramp? – en dit als op 'n speelse manier.

Ons raak so bietjie nostalgies, patrioties en ja, lekker laf! Elkeen sal iets herken van ons pragtige land.

Herman Botha skryf:

*Totius het begin preek in ons taal,*

*Van Wyk Louw en Breytenbach dig dik stukke in ons taal,*

*Karen Zoid raak plesierig in ons taal,*

*En Jack Parrow rap rof en onbeskof in ons taal.*

Dis Afrikaans, My Kind *het so pas “ge-perform” in ons taal.*

### Cell C Boma-kuierteater

Die Cell C Boma-kuierteater op die feesterrein bied stukkie teater uit die boonste rakke aan. Hier word feesgangers kuiert teater en ander kunsvorme blootgestel. Kom geniet kort eenmanvertonings, toneelproduksies en interessante onderhoude. Alle vertonings by die Boma-kuierteater is gratis (ingesluit by die hektoegang).

### Dis 'n Weskus ding

Met Wynand en Chereé Strydom en Alan Hughes

Datum en tyd: **Wo 27 Jun 11:00; Do 28 Jun 17:00; Vr 29 Jun 12:00; Sa 30 Jun 15:00**

Na verlede jaar se sukses met *Dis 'n manne-ding*, is Wynand Strydom en Alan Hughes terug met 'n splinternuwe produksie. Die twee manne span kragte saam met Suid-Afrika se eie *country girl*, Chereé, en bring nuwe vars stories asook akoestiese musiek uit die hartjie van die Weskus. Hierdie produksie belooft om weereens 'n groot treffer tydens hierdie jaar se Innibos te wees. Maak seker dat jy nie hierdie Weskusvriende misloop nie.

### Laat ons lag – Doringdraad Komediant

Met Schalk Lingenfelder

Datum en tyd: **Vr 29 Jun 16:00**

Nou ja, hier's hy nou! Doringdraad Komediant kom vermaak gehore met sy humor wat handel oor die getroude lewe, sport en die Afrikaanse musiek wat nou *rock*. Kom lag hard uit jou maag vir aweregse kommentaar op als waarmee ons vertrou is. Met meer as 100 000 *fans* wat sy grappe volg en meer as 3 miljoen *views* op sy video's, kan jy nie verkeerd gaan om die produksie te kom kyk nie. Almal is welkom, maar sy humor is so in die volwassenes se kraal. Sy nuwe boek met van sy grappe sal ook te koop aangebied word.

**Wian Magician**

Met Wian van den Berg

Datum en tyd: Wo 27 Jun 13:00; Do 28 Jun 16:00; Vr 29 Jun 11:00; Sa 30 Jun 13:00

Wian is 'n 22-jarige kulkunstenaar wat gereeld op TV verskyn. Hy is 'n South Africa's Got Talent-finalis en tree landwyd op. Verbeel jou water verander in Coke, jou selfoon beland in 'n ballon, speelkaarte verskyn in sy mond en hy maak sy skoenveter vas deur 'n paar skoppe! Wian word deur baie beskou as die beste kulkunstenaar in die land en sal jou asem wegslaan!

**Los asseblief 'n boodskap**

Met Simoné Nortmann

Datum en tyd: Wo 27 Jun 12:00; Do 28 Jun 15:00; Sa 30 Jun 16:00

Dit gaan nie baie goed met Nina van Zyl nie. Haar popsterloopbaan het altwee voete in die graf, sy't al vir ses jaar *writers block*, en nou het haar ex die vermetelheid om kanker te kry. *Classic* Dirk. Sy vat die langpad van Johannesburg na Kaapstad, dorp tot dorp. Miskien kan sy Dirk een laaste keer sien. En miskien kry sy 'n paar *gigs*. Kom saam met Nina op hierdie tragikomiese avontuur deur 'n surrealistiese Suid-Afrika. Die teks is geskryf deur Louis Roux en die regie behartig deur Maude Sandham.

**Stok**

Met Leon Ecoignard, Hennie Jacobs en Jahn Beukes

Datum en tyd: Wo 27 Jun 15:00; Do 28 Jun 11:00; Vr 29 Jun 17:00; Sa 30 Jun 17:00

Uittreksels uit die musikale mallemeule produksie STOK sal jou sal laat krul van die lag, maar ook oopmond sal laat staan na die briljante musikaliteit van die drie STOK – manne. Aan komiese tydsberekening en innoverende idees skiet die manne van STOK nie tekort nie. STOK is louter plesier; dis die meeste pret wat jy met jou klere aan kan hê.

**Wie's jou pappa?**

Met Hannes Brümmer

Datum en tyd: Wo 27 Jun 17:00; Do 28 Jun 13:00; Vr 29 Jun 15:00; Sa 30 Jun 12:00

Akteur en komediant Hannes Brümmer ondersoek die impak van ouerskap op 'n voormalige punk in plakkies, wat nou 'n tuisbly-pappa in pantoffels is.

Met die getrippel van klein voetjies kom reuseskoene om te vul. Die bytjies en blommetjies lei tot vreemde reuke en ander klankies, slaapgebrek, kompetisie met ander ouers, moles met vroulied en grootskaalse emosionele manipulasie deur kleinding. Met Hannes se kenmerkend energieke blitslewering van skaterlagstaaltjies, 'n siniese blik en sy tong ferm in die kies word daar nie doekies omgedraai oor die vrese, vreugdes en verantwoordelikhede van pa-wees nie.

Hierdie is 'n eerlike, skreusnaakse blik op ouerskap - 'n toeganklike produksie vir nuwe ouers, voornemende ouers, grootouers en mense met ouers.

**Op my eish!**

Met Neels van Jaarsveld

Datum en tyd: Wo 27 Jun 16:00; Do 28 Jun 12:00; Vr 29 Jun 13:00; Sa 30 Jun 11:00

Al ooit gewonder hoe dit moet voel om oornag volksbesit te word? Om in 'n oogwink te gaan van klein paddavisvangende Kuilsrivier-seuntjie na 'n huishoudelike naam? Neels van Jaarsveld word tans beskou as een van Suid-Afrika se veelsydigste akteurs.

Innoverend. Inspirerend. Fassinerend. Wille tye. Warrel tye. Hou verbye. Introspeksie. Min direksie. Baie direksie. Narkolepsie. Mylpale. Vol sale. Bondig. Boeiend. Bindend. As akteur in *Jagveld*, *Vir die Voëls*, *Die Rebelle van Lafras Verwey*, *'n Man soos my Pa*, *Knysna*, *Bloedbroers*, *Fluiters*, *Getroud met Rugby*, *Binnelanders*, *Boks*, *Die Goue Seun*,

*Innierof* bied Neels van Jaarsveld jou 'n *backstage pass* na die beste en snaaksste stories van sy lewe, die vermaaklikheidsbedryf en sy kinderdae. Dinamiet kom immers in klein pakkies. 'n Outobiografiese tuimeltrein gebaseer op 'n ware verhaal. Om die waarheid te sê, dis heel moontlik als die waarheid. Ondersteun deur Jimmys Sauces & Buffelsfonteinbaardolie.

**Kwêla-gesprekke**

Met Hannes van Wyk

Datum en tyd: Wo 27 Jun 14:00; Do 28 Jun 14:00; Vr 29 Jun 14:00; Sa 30 Jun 14:00

**Woensdag-gesprek:** Hannes gesels met kulkunstenaars en hulle oënskynlike oëverblindery. Met Wian van den Berg, Riaan Loubser, André Bladwell en David Dee. Daarna gaan Riaan Loubser bietjie agter die kap van die byl van Hannes van Wyk kom en hom onder vier oë spreek en dit gaan beslis nie oëverblindery wees nie!

**Donderdag-gesprek:** Hannes gesels met van die land se sangers oor 'n loopbaan in die musiekbedryf. Met Arno Jordaan, Ampie, Franja en Willem Botha.

**Vrydag-gesprek:** 'n Kykie agter die skerms – 'n geselsie met suksesvolle regisseurs en vervaardigers. Hannes gesels met Giep van Zyl, Wessel Pretorius, Barry van Rensburg en Margit Meyer-Rödenbeck.

**Saterdag-gesprek:**

Hannes gesels met van die land se top-akteurs oor die lewe op die verhoog en voor die kameras. Met Gideon Lombard, Wynand van Vollenstee, Sandra Prinsloo, Paul du Toit.

**SPAR WOELWATERS**

SPAR Woelwaters is die ideale plek waar die kleinspan kan kom speel en hulle gate uit geniet. 'n Propvol vermaakprogram met baie pretaktiwiteite word van 11:00 tot 17:00 aangebied en dit is heeltemal verniet!

**Buster en Bella**

Met San-Marié Nel en die stemme van Lianie May (Bella) en Hendri Myburgh (Buster).

Optreetye: Wo 27 Jun 14:00; Do 28 Jun 13:00; Vr 29 Jun 15:00; Sa 30 Jun 13:00

Buster die Brak is terug en dié keer ontmoet hy vir Bella, sy aangenome marmot-sussie. Op hulle nuwe avontuur ontdek hulle die Heilige Gees as 'n beste vriend en helper wat hulle lei om hulle unieke talente te ontdek. Dit maak sin, want almal is anders en natuurlik slim! Kinders word geleer van lofprysing, gebed, God se Woord en ander kragtige wapens teen die aanval van die vyand. Boelie as tema word aangespreek, en waardes word speel-speel geleer. So leer kinders hoe om elke dag die lewe te kies!

**David Dee – Kulkunstenaar**

Met David Drehspul

Optreetye: Wo 27 Jun 11:00; Do 28 Jun 17:00; Vr 29 Jun 13:00; Sa 30 Jun 15:00

Kom beleef kulkuns op sy beste waar David Dee in verskillende gedaantes die kleinspan gaan vermaak. In *Avonture van 'n superheld* gaan David die kleinspan met stories van bekende karakters soos Spiderman, Batman, Superman help om self 'n superheld te word. In *Diere Innibos* gaan hy die kleinspan leer om met verskillende knooptegniese diere uit ballonne op te tower en in *Super Duper Kulkuns* vermaak hy die kleinspan met skreusnaakse kulkuns.

**Kizzoo – My nuwe wêreld**

Met Derick Lennox, Dean van der Ventel, Michael Elroy Khosaal

Optreetye: Wo 27 Jun 13:00; Do 28 Jun 15:00; Vr 29 Jun 17:00; Sa 30 Jun 11:00

Kizzoo is 'n ruimtekuiken wat sy huis op Mars verlaat en Aarde toe kom om meer van ons wêreld te leer. Hier op Aarde beleef hy allerhande opwindende avonture. Opgewekte musiek en ritmiese danspassies is deel van die pret, terwyl interessante karakters vrolike vermaak verskaf vir die kleinspan. Onderwerpe soos die alfabet, padveiligheid, seisoene, higiëne word met pret en humor hanteer.

**Koning Karel Skilpad**

Met Swannie Swanevelder

Optreetye: Wo 27 Jun 15:00; Do 28 Jun 11:00; Vr 29 Jun 14:00; Sa 30 Jun 17:00

Karel Skilpad is anders. Baie anders. En hy wil dit vir die wêreld vertel! Langs die rivier ontmoet hy vir pelikaan, krokodil, leeu en nog 'n klomp ander diere. Hulle moet sy belangrike boodskap aanhoor, en dit het nare gevolge! Al ooit gewonder hoekom lyk skilpad se dop soos wat dit vandag lyk? Dan moet jy hierdie vertoning nie misloop nie.

**Die draak en die nar**

Met Wiebke Holm-Mikula en Paul Mikula

Optreetye: Wo 27 Jun 17:00; Do 28 Jun 14:00; Vr 29 Jun 11:00; Sa 30 Jun 14:00

Heather Leadfeather is 'n snaakse vroultjie. Sy is trots daarop dat sy onder 'n kalkoen uitgebroei is en het 'n ton vere van haar voorvaders geërf. Sy is mal oor vere en elke veer is soos 'n storie! Sy plant en versorg hulle liefdevol, sodat daar altyd nuwe storievere en verestories kan opkom. Lag-lag nooi Heather Leadfeather die kleinspan na haar opgewekte fantasiewêreld. Maar wees gewaarsku: die gruwelike draak Ivan Ironguts is besig om te ontwaak. Hy is briesend honger en dreig om ons aarde met sy woeste asem te vergiftig. Wegkyk of terugveg of prooi wees of wat? Kom help Heather Leadfeather die regte keuses maak.

**SPAR aktiwiteite**

Optreetye: Wo 27 Jun 12:00; Do 28 Jun 12:00; Vr 29 Jun 12:00; Sa 30 Jun 12:00

Maak seker dat jy elke dag 12:00 by Woelwaters is en kom deel in die heerlike aktiwiteite wat deur SPAR aangebied word. Met die komplimente van SPAR gaan die kinders heerlijk bederf en vermaak word. Hulle gaan van kleins af leer waarom dit *my SPAR* is.

**Huletts Kolwyntjiepret!**

Optreetye: Wo 27 Jun 16:00; Do 28 Jun 16:00; Vr 29 Jun 16:00; Sa 30 Jun 16:00

Soos elke jaar bak ons lekker kolwyntjies saam met Huletts – en dis pret! Heerlike kolwyntjies word deur die VLU gebak en wag net om deur kreatiewe vingertjies versier en deur gretige mondjies geëet te word. Geborg deur Huletts.

Daar is ook tafeltjies en stoeltjies waar die kleinspan na hartelus kan inkleur en verf, knip en plak, klei-speel en blokkiesbou. En natuurlik 'n springkasteel waar hulle van al hulle energie ontslae kan raak. Alles onder die waaksame oog van bekwame personeel.

**KINDER-OPPASDIENS OP DIE FEESTERREIN**

Die ATKV Laeveld-tak bestuur SPAR Woelwaters se aktiwiteite en ouers kan hul kinders met 'n geruste hart hier in die bekwame hande van oom Louis en sy knap span laat. Kleintjies moet in- en uitgeteken word, maar die groter kinders is welkom om te kom en gaan soos hulle wil.

'n Kinder-oppasdiens is ook daagliks beskikbaar. Ouers wat graag 'n produksie wil bywoon of net in vrede tussen die stalletjies wil gaan stap, kan gerus van hierdie diens gebruik maak.

Vir die kleinspan wat ingeteken is, is daar tydens middagete heerlike eetgoed beskikbaar.

Daar is ook 'n aand-oppasdiens. 'n Kinder DVD, inkleurgoed en speletjies word gebruik om die kleingoes besig te hou en daar is matrassies waarop die hulle kan slaap. Bekwame personeel sien na die kleintjies om teen 'n billike tarief. Vir enige navrae skakel **082 321 6311**

Woelwaters met trots geborg deur SPAR.

**UITSTALLERS VAN DIE BOONSTE RAKKE**

Kom bevredig jou kooplus by Innibos!

Vanjaar bied Innibos 'n magdom van uitgesoekte produkte aan wat elke kooplustige sal bevredig. Daar is 76 nuwe uitstallers hierdie jaar en feesgangers kan dus splinternuwe produkte en eetgoed verwag.

Vanjaar word die kunspark in swart en wit getooi. Dit is net die plek waar jy rustig die mooiste kunswerke kan besigtig en tot laataand na topgehalte kunstenaars op die KMI Airport-verhoog kan luister.

Nog 'n nuwigheid in die kunspark is dat daar 8 splinternuwe *craft-stalletjies* is waar die feesgangers na hartelus kan kom wyn, gin, bier en whisky proe. Feesgangers moet ook 'n draai by die restaurant in die kunspark maak waar smullekker *bosdip broodjies*, vetkoeke en heerlike nageregte op die spyskaart is.

Snuffel-stap deur die kunspark en maak seker dat jy die koffiestalletjie kry waar jy die enigste *coffee in a cone* gevul met heerlike hittebestande sjokolade wat hard word aan die binnekant, kry. Hulle maak ook verskillende soorte cappuccino's wat net die regte medisyne vir die koue wintersaande is.

Die groot verskeidenheid uitstallers op die feesterrein gaan verseker dat feesgangers hierdie jaar 'n besondere inkopie-ervaring gaan hê!

**BOSBIOSKOOP**

Die KykNET Bosbioskoop is 'n gratis fliekvenue op die feesterrein. Kom kyk na die beste van die kykNET Silwerkermfees en 'n fees van Leon Schuster flieks. Leon word vanjaar by Innibos vereer vir sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse vermaakbedryf.

TYD	WOENSDAG 27 JUNIE	DONDERDAG 28 JUNIE	VRYPDAG 29 JUNIE	SATERDAG 30 JUNIE
11:00	O Shucks it's Schuster	Vaselinetjie	O Schucks I'm Gatvol	There's a Zulu on my Stoep
14:00	Langsaan Luister	Slaaf	Soldaat	Venster
14:45	Ek het jou gemaak	Soos gister	Die man met die snor	Ek en myselfie
15:30	Vossie vergas homself	Die Onderspit	Vrekfontein	Die maan val bewusteloos
16:00	Voor ek val	Skerm	36 DD	Die kuur
16:30	Vuil Wasgoed	Sweet 'n Short	Susters	

### KORT KORTFILMS (12 Minute)

#### Langsaan

Dis 1976. Die kind leef in haar eie verbeeldingswêreld, ver van haar ouers wat verbete aan 'n toekomstige werk of die terreur van die land waaruit die gesin pas teruggekeer het. 'n Deel van hierdie ryk wêreld lê langsaan, by haar oupa en ouma. Tussen haar speletjies en geliefde boeke leef 'n stil droom diep binne haar. 'n Kind kan 'n droom op haar eie voorstoep verloor.

Met o.a. Chanelle de Jager en Marcel van Heerden.

#### 36DDD

Almal soek skoor met Murcia, maar Murcia soek net haar *snacks* en *soopies*. Wanneer twee skollies met Murcia mors, verander die prooi onverwags in 'n jagter, geklee in 'n gehekelde *onesie*.

Met o.a. Chanelle Davids en Gershwin Mias.

#### Luister

Luister beeld die daaglikse roetine van 'n jong pianis binne die mure van die konservatorium uit. Ons volg haar deur leë dae in vaal oefenkamers sonder iemand om die stilte mee te deel. Dan ontmoet sy 'n ander pianis wat haar lewe verander.

Met Emma van Heyn.

#### Ek en Myselfie

Anja en Charmoné is tipiese *millennials*, wat swig onder die druk van ons tegnologiese wêreld. Hulle is skaamteloos behep met hulle voorkoms en die vals beeld wat jy maklik met sosiale media kan opbou. So baie tyd word hieraan bestee, dat hulle eerder die kliek van 'n muis en *dating apps* gebruik as om die regte lewe te trotseer.

Met Zetske van Pletzen en Carien Botha.

#### Die Kuur

Renier het 'n groot verlies gely en verloor sin in die lewe. Hy probeer verbete vaskleef aan die verlede en aan sy herinneringe voor die tragedie. Sy desperate poging om antwoorde te vind neem hom op 'n selfontdekkingsreis. Sal hy 'n kuur vind op hierdie reis na homself?

Met o.a. Zak Hendrikz en Megan Victor-Carelse.

#### Voor ek val

'n Vrou wag vir haar eksminnaar en sy nuwe minnares in hulle hotelkamer en wend 'n laaste, desperate poging aan om hom terug te wen. Wanneer hy haar verwerp en verneder, dreig sy om sy lewe te verwoes. Haar obsessie lei tot tragiese gevolge vir albei.

Met o.a. Antoinette Louw.

#### Skerm

'n Man sluit homself in 'n ivoortoring van virtuele realiteit toe. Die aanlyn-illusie word sy daaglikse wêreld en hy verlustig homself in sy selfgemaakte status. Sosiale media maak van almal anonieme voyeurs wat in glashuise woon. Is jou wêreld

werklik of maak jy dit net op? Met o.a. Tim Theron en Amalia Uys

#### Venster

Michelle sukkel om perspektief te behou nadat sy Lia, haar sesjarige dogtertjie, se dwelmverslaafde pa verbied het om Lia te sien. Omstandighede lei klein Lia se verbeelding op 'n dwaalspoor en in lewensgevaarlike situasies in. Michelle moet uiteindelik besluit: Wie se welstand moet sy eerste stel?

Met Milan Murray in die hoofrol.

### KORTFILMS (24 Minute)

#### Die Maan val Bewusteloos

Mia wil weet waar sy vandaan kom. Al wat sy ken, is haar oupa en ouma, en die feëverhale waarmee hulle haar grootmaak. Sy word ouer, begin al hoe meer vrae vra, maar kry geen antwoorde nie. Wanneer 'n tragedie haar tref, moet sy nuwe bande smee om die pad vorentoe te kan stap.

Met o.a. Luca Human, Cobus Rossouw, Carla Smit en Sandra Kotze.

#### Ek het jou gemaak

Ingenieur Jacobs was so lief vir sy vrou dat hy ná haar dood 'n lewensgrootte beeld van haar gemaak het. Ná sy gedwonge aftrede, dwaal hy broeiend in die huis rond. Hy het nie meer lus om uit te gaan of ou vriende te besoek nie. Eendag begin hy om 'n robot te bou om die stilte te verdryf. Dié kortfilm is gegrond op Jan Rabie se gelyknamige kortverhaal.

Met o.a. Jaco Bouwer en Abduragman Adams.

#### Slaaf

Die liefde is die grootste verslawing. Gregory is verslaaf aan die liefde van sy lewe. Hy het uitgesien na 'n middelklasbestaan. Drie jaar later is hy ver verwyder van die toekomst waarvan hy eens gedroom het. Om weg te kom van sy ontnugtering probeer hy 'n nuwe begin in Kaapstad maak. Wat begin as ontvlugting van sy stukkende drome, word 'n nuwe verslawing – sy tweede liefde: heroïne...

Met o.a. Carel Nel.

#### Soldaat

Op 'n dag in die skoolvakansie sien twee jong seuns 'n gesprek tussen 'n polisie-offisier en 'n berugte dwelmshandelaar. Wanneer dié twee hulle gewaar, beland die seuns in die *gangster* se kloue. Van daardie oomblik is hulle sy soldaatjies. Hul eerste opdrag is om 'n pakkie dwelms te gaan haal.

Met o.a. Elton Landrew.

#### Die Man met die Snor

Stahlwolf, 'n gewilde TV-reeks uit die 80's, is alles waaroor die middeljarige Francois droom. Elke jaar trek hy as Kurt Stahl aan na die werk se jaareindfunksie, maar niemand herken hom nie. Dis belaglik! Natuurlik lyk hy soos Kurt Stahl, veral sy snor... Om aan sy vervelinge lewe te ontsnap

besluit hy om self 'n episode van Stahlwolf te maak, waarin hy die rol van Kurt Stahl vertolk.  
Met o.a. Karin van der Laag.

#### **Vossie vergas homself**

Vossie is depressief. Die lewe het hom al 'n paar harde klappe gegee. Dus besluit hy om sy kar in 'n verlate veld te parkeer en sy eie lewe te neem. Vossie sit bedroef in sy motor en berei hom op die dood voor. Dan hoor hy 'n klop aan sy ruit – en daar staan die eksentrieke Antie wat haar eie planne het.  
Met o.a. Tobie Cronje en June Van Merch.

#### **Vrekfontein**

Die afgelope dertig jaar is Valk Volschenk die manskelspelkampioen op Vrekfontein. Wel, tegnies is hy die enigste tennisspeler op die dorp sedert die omstrede 1984-finaal teen sy aartsyand, Kroepjan Brand. Wanneer 'n ambisieuse dokumentêre filmmaker sy verskyning op die dorp maak, word ou koeie uitgekrap en nuwe gevare opgekrap.  
Met o.a. André Roothman en Deon Lotz.

#### **Soos Gister**

Susan word een oggend wakker en beseft sy het haar lewe verwoes. Sy en haar vriendin, Christelle, beraam 'n plan om met die hulp van Ludowickus, 'n man wat deur tyd kan reis, terug te gaan na die aand toe al die verkeerde besluite geneem is. Om die verlede te verander is egter nie so eenvoudig nie.  
Met o.a. Ilana Cilliers en Cintaine Schutte.

#### **Die Onderspit**

Wanneer Uncle Bob een oggend op pad na sy pandjieswinkel in Parow dood neerslaan, dink Basie, sy skoonseun, dat dit nou sy kans is. Terwyl sy vrou Moira treur, beplan Basie solank om saam met sy *lover*, Girlie, én die erfposisie te vlug. Die twee en Girlie se broer, Apie, beraam planne om van Moira ontslae te raak. Maar Girlie en Apie het ander idees en skroom nie om vuil te speel nie.  
Met o.a. Karli Heine.

### **VOLLENGTE FILMS**

#### **Vuil Wasgoed**

Twee jong mans wat by 'n wassery werk, en saans hulle kliënte se klere aantrek, ontdek 'n afgesnyde vinger in een van die baadjiesakke. Wat volg is 'n jaagtog om oorlewing, terwyl 'n ongenaakbare verraaiër op hulle spoor is.  
Met o.a. Bouwer Bosch en Bennie Fourie

#### **Vaselinetjie**

Helena 'Vaselinetjie' Bosman is 'n wit dogtertjie wat deur die welsyn weggeneem word van haar geliefde bruin ouma en oupa wat haar grootgemak het. Sy moet aanpas by 'n weeshuis in Johannesburg waar sy met die wrede werklikheid van kinders wat deur hul ouers verwerp is, kennis maak.  
Met o.a. Marguerite van Eeden, Nicole Bond en Shaleen Surtie-Richards.

#### **Susters**

Drie aangenome susters kom weer bymekaar wanneer hulle ma sterf en hulle haar laaste wens moet vervul. Wat volg is 'n prettige padreis deur die mooiste dele van Suid Afrika. Die susters leer mekaar en hulleself van nuuts af ken.  
Diaan Lawrenson, Leah en Quanita Adams

### **LEON SCHUSTER –FLIEKFEEES**

#### **O Schucks it's Schuster**

In a series of short skits, Leon Schuster uses candid camera and several disguises to stitch up the general public of South Africa.  
With Leon Schuster, Willie Esterhuizen

#### **O Schucks I'm Gatvol**

The rampant crime rate and unprecedented violence have finally become too much and Schucks together with his sidekick, little Alf, is joining the chicken run to Australia. However this promises to be the flight of his life given that the evil despot Samoosa Woestyn is stalking him.  
With Leon Schuster, Bill Flynn, Willie Esterhuizen and Alfred Ntombela.

#### **There's a Zulu on my Stoep**

As children, Rhino and Zulu were best friends, until an incident causes them to go their separate ways. They meet up again as adults when Zulu, who has spent years in the United States, has become a wanted criminal. They get involved in a madcap chase involving a great deal of money and the inept members of a racist group called T.U.R.  
Starring Leon Schuster and John Matshikiza

#### **Sweet 'n Short**

A disgraced sports presenter falls victim to an accidental head trauma and slips into a coma. He awakens months later to find South Africa was not as he left it, he was now in the New South Africa and his multimillion Rand idea had been stolen from him.  
With Leon Schuster, Casper de Vries, Joanna Weinberg, and Alfred Ntombela.